

25 Junie - KALF

Skrifgedeelte: Eksodus 32:17-35 (NAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 32:19

Die volk is leierloos. Moses is al dae lank op die berg, en hulle weet nie of hy gaan terugkom nie. En sonder 'n sigbare leier voel dit vir die volk of hulle God ook nie daar is nie. Die volk wil iets sigbaar hê. Hulle maak 'n beeld waardeur hulle die Here kan aanbid.

Hulle wil die regte God dien, maar op die verkeerde manier. Hulle wil Hom dien soos die heidennasies; deur 'n beeld van 'n kalf te maak. Dit is 'n oortreding van die tweede gebod. Hulle wil hulle God sien, ja, maar deur 'n beeld te maak, wil hulle ook 'n houvas op God kry. Hulle maak God soos hulle Hom voorstel. Hy moet gehiet en gebied kan word, heen en weer geskuif en ingeroep kan word om te red.

Dit gaan hier oor 'n eiewillige godsdiens. Om die Here maar te dien soos jy wil; soos dit vir jou gemaklik is; soos dit jou pas. Hulle het so pas die wette en voorskrifte vir die bou van die tabernakel ontvang. Dit was tog die simbool dat God tussen hulle sal woon en hulle sal help.

Dit gaan vandag nog so met ons. Ons dien die Here, maar op ons voorwaardes; binne-in ons gemaksone; hoe dit vir ons die gerieflikste is; op ons tyd. En as dinge begin swaar gaan, wil ons Hom inroep vir redding.

As dinge nie volgens ons wil verloop nie, word ons kwaad en wonder waar God dan is. Ons moet wegdraai van 'n godsdiensbeoefening af wat ons aangepas het om te pas by ons eie persoonlike menings en omstandighede.

Ons moet opnuut weer gaan nadink oor hoe die Here wil hê ons moet Hom dien, en dit word vir ons uitgespel in sy Woord. Christus wys ook vir ons wat gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader is.

Sing: Psalm 130:2 (1936-beryming)

Ds LP van Jaarsveld (Brakpan-Suid)